



Soek 'n vastrapplek...

Teks vir die preek:

“n Psalm van Asaf. Waarlik, God is goed vir Israel, vir die wat rein van hart is. Maar wat my aangaan, my voete het amper gestruikel, my voetstappe het byna uitgegly..”.

Psalm 73:1, 2

H Bakker

© by skrywer - 2013
www.christelikebiblioteek.co.za

Liturgie

1. Votum en seëngroet
2. Sing Psalm 116:2,5
3. Wetslesing
4. Sing Psalm 107:1,3
5. Gebed
6. Skriflesing: Psalm 73:1-28
- 7. Teks: Psalm 73:1, 2**
8. Preek
9. Sing Psalm 9:1,7 en 10
10. Gebed
11. Kollekte
12. Sing Psalm 73:9-11
13. Seën

Geliefde broeder en suster,

Êrens in jou lewe moes jy al 'n slag 'n berg uit geklim het.

Op daardie styl opdraande was dit maklik om op die klipperige plekke te gly en jy het geweet as jy terug gly, gaan jy sommer 'n hele ver end terug gly as dit nie is tot heel onder nie.

Sò, jy het gesorg dat jy elke keer 'n goeie vastrap plek vind om jou terug gly te verhinder.

Onthou dat dieselfde beginsel ook in jou geloofslewe geld.

SOEK 'N VASTRAPPLEK AS JY IN JOU GELOOF TERUG GLY.

So maklik kan jy as gelowige in jou geloofslewe begin teruggly.

Die een dag staan jy nog vas en seker in jou geloofslewe en die volgende oomblik gebeur daar iets wat jou voete laat gly.

Skielik word 'n dierbare ernstig siek, of kom iemand uit julle huisgesin by die Here tuis, of kom daar teleurtelling en swaarkry in jou lewe.

Of jy begin net rondom jou kyk: Dink bietjie aan daardie kere in jou lewe wat jy jou met ander vergelyk het.

En natuurlik vergelyk jy jou altyd met ander mense met wie dit op die oomblik goed gaan.

As jy regtig na jou self kyk en dan na daardie mense met wie dit so goed gaan, lyk alles net so onregverdig.

Jy dien die Here en kyk net wat gebeur alles met jou eie lewe.

En kyk net die wat nie die Here dien nie het alles wat jy self graag sou wou begeer.

En... dan kom die vrae... Jy begin in jou geloof gly.

Die waarheid oor God, waarvan jy so seker was, waarvan jy weet dat dit waar is... is skielik in gedrang.

Waarom is die eerste twyfel vraag wat by jou opkom: Waarom ek? Hoekom juis nou? Waarom kom die een na die ander swaarkry ding in jou lewe?

Skielik ken jy die woordjie “twyfel” baie goed.

Jy vra vrae wat jy nog nooit in jou lewe gevra het nie: Stuur God regtig alles in jou lewe? Sien Hy regtig raak wat met jou gebeur? Is Hy werklik betrokke by jou lewe?

Met al hierdie vrae begin ek twyfel aan die dinge wat vir my so vas en seker was.

En skielik gly jou geloofsvoete onder jou uit en voel jy onseker soos nog nooit te vore nie.

Jy twyfel dan aan die waarhede wat altyd vir jou so vas en seker was.

Nou is die groot vraag: Hoe kom jy weer uit hierdie twyfel uit? Hoe hou jy weer op gly? Hoe kom jy weer tot sekerheid? Hoe stop jy jou gly dat jy nie heeltemaal uitgly en val nie.

Geliefde;

Die digter van Ps 73 gee ons 'n kykie in sy eie worstelstryd.

Hy wat deel is van Israel, wat God opreg gedien het, begin self gly en het amper uitgedy en geval.

Hy was seker God is goed vir Israel.

So lees ons in vers een:

“Waarlik, God is goed vir Israel, vir die wat rein van hart is.”

Tog het hyself skielik aan God se goedheid begin twyfel.

Hy wat die Here dien kry dan so swaar en dit lyk of ander mense so lekker lewe.

Skielik begin hy diep nadink oor die heel belangrikste dinge van sy lewe: Oor God en oor die wêreld en oor homself.

Sy nadenke bring twyfel in sy lewe: Hy begin twyfel aan God se goedheid.

En so leer die digter terug gly in sy lewe ken en leer hy die lang pad na nuwe sekerheid.

Wanneer die digter hierdie gedig skryf, het hy weer tot vaste sekerheid gekom.

As hy terug kyk oor sy twyfel met God kan hy getuig en bely: Dwarsdeur sy hele worstelstryd heen was hy altyddeur by God.

Al het hy dit nie self geweet nie, was hy nooit deur God alleen gelaat nie.

God het hom aan die regterhand gevat en hom gehelp en weer tot sekerheid gebring.

Hy kan nou verkondig aan almal wat in worstelstryd kom: **God bewaar sy kind van struikeling.**

Nog meer: Die digter getuig en weet dat God hom ook die res van sy lewe sal bewaar.

Selfs deur die dood heen sal hy hom bewaar en hom uiteindlik by Hom neem.

Daarom is hy seker en getuig hy: Niks is vir hom in hierdie lewe van groter betekenis as God nie.

As jy êrens in jou lewe “twyfel” leer ken het, mag jy weet: God hou sy kleingelowige en worstelende kind vas.

As Nuwe Testamentiese gelowige mag jy daarvan nog sekerder wees.

Jy is ‘n duurgekoopte kind van God.

Jesus het jou met sy eie bloed loskoop uit die hand van die Satan en jy behoort aan Hom.

Hy sal ons nie loslaat nie, maar vir jou bid.

Jesus self tree vir ons as sy duurgekoopte kinders in by die Vader.

So bid Hy in sy Hoepriesterlike gebed:

“Heilige Vader, bewaar in U naam die wat U my gegee het, sodat hulle een kan wees soos ons.” Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld moet wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose moet bewaar. Johannes 17:12,15

En hierdie gebed van Hom word altyd verhoor...

Jy mag in jou worsteling en twyfel begin met die sekerheid: God hou jou vas. Jy sal nie uitgly en val en tot heel onder gly nie.

Maar dan moet jy ook jou gly stuit deur die pad wat die digter jou leer.

Die eerste stap wat jy moet doen is: Vind net weer ‘n vastrapplek.

Die digter wat begin terug gly het in sy geloof word deur God geleer watter vastrapplek hy moet soek om nie verder te gly nie.

So skryf die digter in vers 15: *"As ek gesê het: Ek wil ook so spreek - dan sou ek ontrou gewees het aan die geslag van u kinders!"*

Hy vind 'n vastrapplek in die gemeenskap van die gelowiges.

Hy sê eintlik: "Ek was nog altyd deel van God se volk... En daarvan is ek seker, ek wil daarvan deel bly..."

As ek dus aanhou so spreek, sal ek uit hierdie heerlike gemeenskap uitgly en nie meer deel daarvan wees nie.... En ek wil daarvan deel wees."

Sy vastrapplek is die sekerheid dat hy deel wil bly van God se kinders.

Al is dit al waarvan hy nog seker is, is hy daarvan seker dat hy 'n kind van God wil wees.

Geliefdes;

Ook jy moet as jy in jou geloof begin gly, dadelik na die heel naaste vastrapplek soek.

Jy moet ten alle koste ons gly stuit en jy mag weet dat God self daardie vastrapplek vir jou voorsien het.

Hy sal sy ware kind nooit laat weggly nie.

Jy hoef ook nie ver te soek na hierdie vastrapplek nie.

Die digter wys dit vir jou uit: ... die geslag van u kinders.... Jou mede gelowiges saam met wie jy al so lank die Here dien.

Maak hierdie wete jou vastrapplek: "Jy was nog altyd deel van God se gemeente"

Herinner jou self daaraan dat jy groot geword het in 'n gelowige gesin, dat jy 'n opvoeding in die Here gehad het en dat jy voor 'n gemeente belydenis van jou geloof afgelê het.

Besluit net in jou hart dat jy hierdie mense kan vertrou en dat jy van hulle deel wil wees en bly.

Hierdie wete moet jou gly stuit: Ek wil deel wees van God se verbondsvolk."

As jy jou losmaak van God, sal jy ontrou wees aan almal wat saam met jou Hom dien."

Besluit dat al voel alles onseker wil jy 'n kind van God wees en bly.

Vind jou vastrapplek in die sekerheid dat jy deel wil wees en bly van God se gemeente...., want... dan is jou val gestuit en sal jy nie verder teruggly nie, maar kan jy biddend soek na sekerheid.

Die digter van Psalm 73 verklaar dat met sy val gestuit hy nog steeds bly worstel het.

Hy dink nog diep na en is nog vermoeid in sy denke.

Vers 16: "*Toe het ek nagedink om dit te verstaan, maar dit was moeite in my oë.*"

Sy terugval is egter gestuit, maar hy moet nog terug klim na sekerheid.

Hy vind daardie sekerheid net as hy die pad terug vind na die heiligdom van God.

Vers 17: "...totdat ek in die heilighedomme van God ingegaan het...."

Daar in die heiligdom kom hy weer tot sekerheid.... want... dit is waar God Homself openbaar.

Daar leer hy weer God ken soos wat Hy Homself aan ons openbaar.

Vir sekerheid is daar net een pad wat jou dit sal gee: Jy moet God leer ken soos Hy Homself bekend maak.

Hy is die onveranderlike God wat in sy Heiligheid nooit anders optree as wat Hy werklik en in waarheid is nie.

As jy Hom leer ken soos Hy Homself bekend maak kan jy alles wat in jou lewe gebeur het in die regte perspektief sien.

In die Heiligdom leer die digter God weer regtig ken.

Al begryp hy nie altyd alles nie, weet hy God doen wat reg is.

Hy leer Hom ken as die een wat alles volgens sy alwyse raad stuur en niks doen wat onregverdig is nie.

Hy ontvang daar in die heiligdom die insig dat God die reg van die gelowige sal laat deurbreek soos die son wat agter die wolke uit kom.

God se genade oor die wat Hom ken is so groot dat Hy sy twyfelende kind nie vernietig nie, maar hom raad gee en lei na sekerheid.

God sal vir almal om te sien, die gelowige wat op Hom vertrou het, verheerlik voor Hom stel.

En in sy heiligheid sal die goddelose skielik voor sy regterstoel moet staan en sal al hulle trots soos mis voor die son verdwyn.

Geliefdes;

In ons worstelstryd sal God ook in sy genade aan jou ook 'n "TOTDAT" skenk.

Maar... dan moet jy ook gedring deur die Heilige Gees gaan na die plek waar God Homself aan jou wil bekend maak.

Jy kan alleen in jou geloof weer na sekerheid klim as jy by die Woord van God uitkom.

Begin in jou binnekamer weer die Woord van God lees en oordink.

Vra dat God deur sy Gees Homself aan jou vanuit die Bybel en die geskiedenis van Sy handeling met mense sal wie Hy regtig is.

Leer Hom ken, nie soos jy dink Hy is nie of uit jou verhouding met gebroke mense dink Hy is nie, maar soos Hy werklik is.

Leer Hom ken soos Hy Hom in Jesus Christus aan jou openbaar.

Lees daarom die evangelies wat van Hom getuig en lees die briewe van sy apostels wat vanuit daardie geskiedenis vir jou help om te verstaan wie Jesus is.

As jy regtig Jesus Christus leer ken het, sal jy ook God leer ken, want Hy is die openbaring van God.

Kom na die eredienste toe, waar die Woord van God bedien word.

Doen weer moeite om regtig na die bediening van die Woord te luister.

Vra wat wou God vandag vir jou sê deur die preek en skryf die hoofgedagtes vir jou neer en leef en oordink dit in die week in jou eie stilte tyd.

Doen moeite om saam met medegelowiges die Woord van God te oordink.

Sluit by 'n groeigroep of Bybelstudie groep aan en word deel van die gemeenskap van gelowiges wat saam nadink oor die Woord van God.

En neem vrymoedigheid om te vra dat hulle vir jou sal bid en jou sal bemoedig totdat jy die styl pad na sekerheid weer uitgeklim het.

Deur die Woord wil God jou weer tot sekerheid bring en sal jy God so ontmoet dat jy soos Job kan verklaar: Nou ken ek God regtig.

Geliefdes;

Maar as jy weer tot sekerheid gekom het en jy kyk terug, vra God van jou belydenis van jou “kleingeloof”.

Die digter leer ons dat “twyfel” sonde is en dat ons dit voor God moet bely.

Sò skryf hy in vers 21 en 22: *“Toe my hart bitter gestemd en ek in my niere geprikkel was, toe was ek dom en het ek niks geweet nie: ek was 'n dier by U.”*

Soos die digter moet ons as ons terug kyk oor ons twyfel en onsekerheid bely dat ons soos 'n dom dier was wat nie insig het nie.

Ons was blind vir God en sy Almag en was voor Hom soos iemand wat vas gekyk het in die bloot menslike dinge van ons lewe.

Ons was voor die Here soos iemand wat niks geweet het nie, terwyl God Homself baie duidelik aan ons in sy Woord en die natuur openbaar het.

Wanneer jy jou “kleingeloof” in droefheid bely het en glo dat Jesus Christus jou skuld gedra het, sal jy weer die sekerheid beleef.

Jy sal terug kyk oor jou twyfel en raaksien dat God se liefde in Christus groter is as wat jy nog ooit gedink het.

Jy sal met sekerheid weer weet: God is goed vir Israel... en ook vir jou as sy kind!

Geliefde;

Wanneer jy weer jou volle sekerheid beleef, moet jy God se getuie wees in die lewe van ander.

Bely voor almal: ²⁸ Maar wat my aangaan, dit is vir my goed om naby God te wees.

Ek het die Here my God gekies as my toevlug!

Vertel hulle van God se pad om die berg uit te klim om weer tot volle sekerheid te kom.

Amen.